20.3 RAPPORT DEPUTATE VIR REGSAANGELEENTHEDE (Art 98)

A. Prof J Smit lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Opdrag

Acta 2003:454-458.
Acta 2009:361.
Acta 2012:260.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 *Aard van die werksaamhede van die Deputate vir Regsaangeleenthede*

Verskeie kerke en kerklike instansies waaronder plaaslike kerke, Deputategroepe, die Administratiewe Buro en die Kuratorium het die Deputate om regsadvies genader. Hieronder word die belangrikste sake aangedui waaroor advies of leiding gevra is, en waarmee die Deputate hulle ter uitvoering van hul opdragte besig gehou het. Die aard van die werksaamhede van die Deputate is soms sodanig dat advies telefonies en/of mondelings gegee moet word, insover dit moontlik is. Die Deputate het verskeie kere vergader om aan meer ingewikkelde of belangrike sake en versoeke aandag te gee. Van die sake wat genoem word (2.2) is steeds nie afgehandel nie, maar in ‘n proses van afhandeling.

2.2 *Aan die volgende sake is aandag gegee*

2.2.1 GK De Hoop.
2.2.2 GK Atteridgeville.
2.2.3 GK Tshiawelo.
2.2.4 GK Boipatong.
2.2.5 Opleiding van vroue as kandidaatstudente.
2.2.6 Deputate Owerheid.
2.2.7 Verskyning van ‘n persoon(e) voor die Menseregtekommissie.
2.2.8 Navorsingsleerstoel: Ekumene Pentekostalisme en Neo-pentekostalisme.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.2.8 kennis geneem (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).

3. Sake vir besluitneming

Die Sinode benoem weer Deputate vir Regsaangeleenthede met die opdrag om kerke, kerklike vergaderings, Deputate, die Kuratore en instansies waaronder die Administratiewe Buro in dringende aangeleenthede en noodsaaklike gevalle van regsadvies te bedien, en/of te help om regsadvies te verkry.

Besluit: Goedgekeur met dank wat uitgespreek word aan die Deputate wat hierdie diens lewer, in besonder die regsgeleerdes.